**Skriflesing Galasiërs 5 verse 1 en 13 tot 26 Romeine 5 vers 1**
**Tema Ons is vrygemaak deur God *(ons is kinders van die vrye)***

Ons was almal slawe - gebind deur die boeie van die wet en sonde. Ons het die wet probeer onderhou om verlossing te kry. Maar hoe meer ons die wet onderhou het, hoe meer het ons besef hoe sondig ons is. Die wet het ons net meer bewus gemaak van ons sonde en dat ons onsself nie kan bevry nie.

Asof die wet nie genoeg was nie, het ons nog 'n klomp mensgemaakte wette en reëls ook probeer onderhou. In die tyd voorafgaande aan die Hervorming moes almal die reëls van die pous en 'n klomp geleerde mense wat die Bybel in Latyn kon lees, gehoorsaam. Jy moes betaal dat jou sonde vergewe kon word. Jy kon selfs betaal vir die sondes van mense wat reeds gesterf het. Gestorwe heiliges, soos moeder Maria, is vereer.

Ons kan vandag steeds 'n klomp wette en reëls uitdink, 'n klomp mensgemaakte moets en moenies en ons opnuut laat boei daardeur.

Wanneer ons nog onder die beheer van ons sondige natuur en allerhande wette en reëls, waardeur ons onsself laat bind, staan, is daar geen liefde in ons lewens nie:
**Ons is nie lief vir onsself nie.**
Ons lewe losbandig. Ons lewens word gekenmerk deur onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, dronkenskap en uitspattigheid.

**Ons is nie lief vir God nie.**
Ons maak ons skuldig aan afgodsdiens en towery.

**Ons is nie lief vir ander mense nie.**
'n Lewe gebind deur die boeie van die wet en sonde is die duidelikste sigbaar in ons verhouding met ander mense. Petersen beskryf in die "The Message" ons lewens as "cutthroat competition" en "all consuming, yet never satisfied wants". Ons is soos 'n trop wilde diere wat mekaar byt en verskeur. Ons moet pasop dat ons nie mekaar heeltemal verslind nie. Ons plaas mekaar se foute en tekortkominge in die kollig. Ons is verwaand, tart mekaar uit en is afgunstig op mekaar. Ons lewens word gekenmerk deur vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring en afguns.

**Ons is nie lief of opgewonde oor die toekoms nie.**
Wie, beheer deur sy sondige natuur, so liefdeloos leef, sal nie die koninkryk van God as erfenis kry nie.

**Maar ons hoef nie in boeie te leef nie!**
Ons lees in Galasiërs 5 vers 1: "Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees."
Ons is vrygemaak om te wees wat God wil hê ons moet wees.
Daar word vertel dat toe Martin Luther die spelling van sy naam van Luder na Luther verander het, hy daarin die Griekse woord vir vryheid (*eleutheria*) ontdek het. Dikwels het hy dan ook sy naam geteken as Eleutherius, "die vry een" of "die bevryde."
Indien ons ons lewens in geloof aan die Here oorgee is ons ook, soos Luther, kinders van die vrye.

Ons word gewaarsku om ons nie weer onder die slawejuk te laat indwing nie. Ons moet ons sondige natuur laat kruisig. Ons doen dit deur ons lewe in geloof aan Jesus Christus oor te gee. Drie maal lees ons dat ons ons lewens deur die Gees moet laat beheers. Ons moet ons laat beheers (Gal 5:16), laat lei (Gal 5:18) en ons gedrag laat bepaal (Gal 5:25) deur die Heilige Gees. Ons moet ononderbroke wandel in die Gees.

En waar 'n lewe onder beheer van ons sondige natuur gekenmerk word deur 'n afwesigheid van liefde, is die eerste kenmerk van 'n vry mens juis liefde.

**Ons is lief vir ons naaste.**
Ons word opgeroep om mekaar in liefde te dien.
Vry mense dra die vrug van die Gees waarvan ons in Galasiërs 5 vers 22-23 lees: "[22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."

**Ons is lief vir God.**
Ons lees in Romeine 5 vers 1: "God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus."
Ek is nie meer bang vir God nie. Christus het my sonde oorwin deur sy kruisdood en opstanding. Hy het vir ons vrede met God bewerk. Ons is nie meer slawe nie. Ons is vry om die Here uit dankbaarheid te dien.

**Ons is lief vir onsself.**
Ons sien onsself soos God ons sien. Ons dink, soos Hy, baie van onsself, maar nie baie aan onsself nie. Ons dink alles van God. Ons dink nie ons is beter as ander mense nie. Ons dra hulle laste.

**Ons is lief of opgewonde oor ons toekoms.**
As vrygemaakte kinders van God ervaar ons reeds 'n lewe in die koninkryk van God en weet ons dat Sy volmaakte toekoms vir ons wag.

**Afsluiting**
Ons sondige natuur en die Heilige Gees is in 'n stryd om die beheer van ons lewens. Ons sondige natuur wil ons lewens verwoes en die Heilige Gees wil ons, in Christus, die lewe in oorvloed gee. Ons moet besluit wie ons in beheer plaas van ons lewens. Ons kan nie die een oomblik beheer oorgee aan ons sondige natuur en die volgende oomblik aan die Heilige Gees nie. Elkeen moet kies. Wie is in beheer van jou lewe: jou sondige natuur of die Heilige Gees?
**Amen**